

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Leraars, kerkkantore en kerkrade

23 September 2020

Liewe vriende,

VLAK 1 VAN INPERKING EN IMPLIKASIES VIR GEMEENTES

Terwyl ons diep dankbaar is dat ons reeds Vlak 1 van inperking bereik het, bid ons elke gemeente sterkte en wysheid toe met die hervatting van die bediening. Dit bly vir ons almal uitdagend. Intussen vertrou ek almal van julle is steeds gesond en vol lewe.

Ter wille van helder kommunikasie: hierdie skrywe moedig die hervatting van bediening aan. Dit vra egter verantwoordelike optrede.

Ons lig enkele reëlins rondom Vlak 1 toe. Die Staatkoerant waarin die nuwe reëlins gepubliseer is, is op ons webblad beskikbaar: <https://ngkok.co.za/covid19/vlak1/ggaz-43725.pdf>. Dit bly gemeentes se verantwoordelikheid om die staatskoerant self te lees.

1. SENTRALE FOKUS: BEPERK MOONTLIKHEDE VIR COVID-19 INFEKTERING

1.1 Wees verantwoordelik

Die belangrikste Covid-beginsels het met wysheid te doen: hoe kan ons verstandig optree sodat die hervat van ons bediening nie die verspreiding van Covid-19 in die hand werk nie? Hoe kan ons bydrae om 'n tweede vlaag van Covid (soos Europa en Engeland tans ervaar) te voorkom?

Dit is moontlik om met eredienste en bediening voort te gaan én Covid-19 suksesvol te beperk, maar dit verg van ons almal om verstandig, geduldig en toegewyd op te tree.

1.2 Hoe versprei Covid-19?

Dit is belangrik om lidmate hieroor te bly opskerp.

Navorsing toon dat Covid versprei deur druppeltjies wat verband hou met asemhaling, praat, skreeu, sing, lag, huil, nies en hoes, kla en skinder. Daar is ook mikroskopiese deeltjies, die sg. "aerosols" wat o.a. deur asemhaling ontstaan en wat vryelik in die lug sweef en die virus dra. Lugbeweging is dus 'n belangrike faktor, en ventilasie noodsaaklik. Die intensiteit van die virale lading moet laag gehou word, sodat oordrag beperk kan word. Daarom moet mense in publieke ruimte sosiale afstand handhaaf.

Hande en oppervlaktes wat deur baie persone aangeraak word, is ook 'n risiko. Daar is dus handreiniger nodig en gereelde sanitering van oppervlaktes soos deurhandvatsels.

Eredienste (veral begrafnisse en huwelike) is per definisie emosiegevolle geleenthede. Spontaniteit styg en waaksaamheid daal in kontekste soos hierdie. Daarom is dit wys om die byeenkoms goed te bestuur, altyd maskers te dra, en slegs een spreker (met die nodige afstand) op 'n slag toe te laat om sonder masker te praat.

1.3 Waak teen super-verspreider-geleenthede

Terwyl mense geneig is om hul waaksaamheid teen Covid-19 in die lig van die huidige afnames te verslap, moet gemeentes daarteen waak om nie brandpunte te word nie. Nie alle mense sien die erns van die situasie in nie. Dit kan maklik gebeur dat een onverantwoordelike optrede die oorsaak van 'n hernude vlaag van infektering word.

Dit is tyd om bediening in alle erns te hervat. Verkry egter lidmate se samewerking.

1.4 Moedig die gebruik van die "COVID Alert South Africa"-app aan

Discovery Health het (in vennootskap met Google en Apple) 'n app ontwikkel wat selfone se bluetooth-tegnologie gebruik. Baie lande reg oor die wêreld gebruik soortgelyke apps. Google en Apple vereis dat dit as 'n nasionale app bekendgestel word.

Selfone het die vermoë om deur bluetooth oor kort afstande met mekaar "blad te skud". Die selfoon hou dan 'n rekord van elke digitale groet. Die COVID-app skakel hierdie vermoë aan.

Wanneer iemand – wat die app het – dan op die app aandui dat hy/sy positief getoets het, ontvang elke ander app-gebruiker waarvan die selfoon 'n digitale rekord van daardie bladskud het 'n kennisgewing dat jy naby aan 'n positief-getoetste persoon op 'n spesifieke datum was.

Daar het die vreeslikste misverstande oor hierdie app ontstaan. Dit is nie die regering wat dit ontwikkel het nie, en die app hou nie rekord van jou bewegings of waar jy gaan nie. Verder is mense heeltemal onkundig oor die rekord wat sosiale media in elk geval van jou hou.

Die verantwoordelike weg is om die COVID-app te gebruik en so naspeuring en jou eie verantwoordelikheid na te kom om nie 'n superverspreider te word nie.

Persone wat so 'n nabye kontak gehad het, weet dan om byeenkomste van die gemeente eers te vermy.

2. BELANGRIKE BEPALINGS RONDOM VLAK 1: STAATSKOERANT 43725 – 18 SEPTEMBER 2020

2.1 Reis tussen 00:01 en 04:00 (Artikel 66)

Almal moet tuis wees tussen middernag en 04:00, behalwe met 'n permit wat aan 'n persoon toestemming verleen om noodsaaklike dienste te lewer. Pastoraat ("religious counselling") is so 'n kategorie. Die permit moet deur die voorsitter van die kerkraad of diensverhoudinge onderteken word, en die nuutste weergawe is [hier](#) op ons webblad beskikbaar.

2.2 Dra van maskers in eredienste of ander publieke plekke (Artikel 67)

Aangesien 'n erediens of ander kerklike byeenkoms 'n publieke geleentheid is, moet maskers altyd gedra word. Onthou, die onus rus op (a) die eienaar van die gebou en (b) die persoon in beheer van die byeenkoms (binnenshuis of buitenshuis) om toe te sien maskers word gedra. Dit is 'n kriminele oortreding om iemand sonder 'n masker toe te laat – die *toelaat* is die kriminele daad.

'n Uitsondering is die leraar terwyl die leraar preek, maar dan moet 'n afstand van 2,5 meter gehandhaaf word. (Die ander uitsondering is vir *vigorous exercise*, maar bediening val meestal nie in hierdie kategorie nie.)

2.3 Begrafnisse (Artikel 68)

Die bywoning van begrafnisse word tot 100 persone beperk, mits die kapasiteit van die gebou dit toelaat. Sosiale afstand, maskers, sanitering en voorkomingsprotokolle moet gehandhaaf word.

2.4 Byeenkomste, soos eredienste (Artikel 69)

Sekere reëlins verander, maar ander bly dieselfde soos ons dit onder Vlak 3 leer ken het.

Weer eens moet almal 'n gesigmasker dra, alle gesondheidsprotokolle nakom, sosiale afstand van minstens 1.5 meter handhaaf en nie die kapasiteit van die gebou, onderhewig aan 1,5 meter afstand oorskry nie.

Belangrik: by die ingang(e) van die gebou moet 'n **bywoning nakomingsertifikaat** ("occupancy compliance certificate") vertoon word, wat [hier](#) op ons webblad beskikbaar is. Dit dui die volle kapasiteit van die gebou (aantal persone) en die 50% van kapasiteit aan. Die 50% moet bereken word aan die hand van sosiale afstand van 1,5 meter. 50% verwys dus na *vloeroppervlakte, bereken op 1,5 meter afstand tussen persone*. Dit verwys nie na 50% van sitplek-kapasiteit nie. Mens kan dus nie sê: "Ons gebou kan 500 mense vat, en daarom is ons kapasiteit 250" nie.

Selfs al is die gebou hoe groot, mag die getal in die 50% van kapasiteit-blokkie op die nakomingsertifikaat onder Vlak 1 nóit meer as 250 wees nie.

Buitenshuise byeenkomste mag deur tot 500 persone bygewoon word, onderhewig aan die dra van maskers en sosiale afstand.

2.5 Covid nakomingsbeampte en werkplekprotokol (Artikel 79)

Elke gemeente moet steeds 'n Covid-plan vir byeenkomste en die werkplek hê (79 (1) (b)). Die plan moet aandui hoe die maatreëls vir die voorkoming van infektering opgestel en geïmplementeer word. Wat gebeur wanneer iemand op die perseel met Covid-simptome presenteer, en so meer, word aangedui. Daar moet ook 'n Covid-nakomingsbeampte aangewys word (79 (1) (a)) wat seker maak die plan word ooreenkomstig die regulasies geïmplementeer.

Die volledige protokolle is beskryf in punt 6 van my skrywe aan gemeentes, gedateer 1 Junie 2020. Dit is [hier](#) op ons webblad beskikbaar.

Die doel is "strict adherence to the standards of hygiene and health protocols relating to COVID-19 ..." ((79 (1) (a) (ii)).

Artikel 80 beskryf die oortredings en strawwe. Dit is krimineel strafbaar om die spesifieke regulasies wat in die staatskoerant gelys word, te oortree.

3. VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD

Moet ons nog steeds temperatuur neem en mense laat aanteken?

Ja, daardie protokolle geld steeds. Sien punt 6 van my skrywe van 1 Junie 2020 vir 'n opsomming van die protokolle.

Een oplossing is om 'n vormpie vooraf te versprei en erediensbywoners te vra om dit te voltooi en na die erediens of ander geleentehede te bring. Hier is 'n voorbeeld – [PDF](#) | [MS Word](#). Maak seker dat iemand die vormpies ontvang en die name van persone in die erediens op 'n lys aanteken. So nie, moet 'n vorm in die voorportaal voltooi word.

Sommige gemeentes gebruik 'n aanlyn registrasiediens, soos eventbrite.com – [loer hier](#) vir 'n voorbeeld van Witrivier-gemeente.

Wanneer iemand positief toets, moet die ander erediensgangers later gekontak kan word. Die nakoming van die protokolle beteken dat niemand – selfs al was jy in dieselfde kerkgebou – geag word as in *direkte kontak* met 'n geïnfecteerde te gewees het nie. Nietemin moet 'n rekord en nasporing bestaan.

Mag ons kinderkerk en kategese hervat?

Waar die maatreëls toegepas word, is dit moontlik om kinder- en jeugbediening te hervat. Gemeentes kan personeel van kleuterskole en skole vra om te help met opleiding hoe om die maatreëls reg toe te pas. Verskeie gemeentes hervat die senior kategese, maar stel bediening aan jonger kinders eers uit.

Dankoffers tydens die erediens?

Die aanstuur van 'n bordjie deur rye is nie aangewese nie. Plaas liever 'n houer by die deure waar mense hul dankoffers kan plaas.

Tee en koffie na die diens?

Nee, dit is nog verbode, met goeie rede.

Nagmaal en doop?

Waar ouers die doop versoek, kan dit met verantwoordelikheid toegepas word. Die leraar moet 'n masker dra en sy/haar hande direk voor die doopbediening saniteer. Die ouers (moeder) hou die baba vas. Verseelde water kan oopgemaak word direk voor die doopbediening. Omsigtigheid is belangrik, want dit word medies nie aanbeveel dat babas maskers dra nie. Dit is ook moontlik om die doop eers uit te stel.

Nagmaal: borde en kelkies behoort nie deur rye aangestuur te word nie.

Mag ons sing?

Sang is toelaatbaar, mits almal maskers dra. Beperk dit egter tot gedempte sang, minder liederen en verse. Die dra van maskers geld ook die musiekbedieningsgroep. Talle gemeentes verkies om eers nie te sing nie, maar slegs gewyde musiek te gebruik. Daar is wysheid hierin.

Huweliksbevestigings moontlik?

Ja, onderhewig aan dieselfde reëlings as 'n gewone erediens.

Begrafnisse?

Dit is moontlik, maar bywoning in die kerkgebou is onderhewig aan 'n maksimum van 100 persone.

4. TERUGVOER

Ek sal dit geweldig waardeer as julle jul wenke met my deel.

Dit is uitdagende tye. Kom ons behou geloof en kom ons fokus op die nood rondom ons.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode